

DIE SKIETLOOD

1

Uitgawe 115 14 Julie 2017 saam met
Koersvas 115



Lesers moet onthou: **Vetgedrukte** gedeeltes is aanhalings uit die NGB. Sekere gedeeltes lyk baie ingewikkeld. Hou aan lees, die kommentaar sal moontlik u help om te verstaan wat die vadere bedoel het.

NGB Artikel 8

GOD IS EEN IN WESE EN ONDERSKEIE IN DRIE PERSONE

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie.

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeeltes is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeeltes nie en ook nie

onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

Die leer aangaande die Triniteit is 'n geheimenis wat geglo en bely word, maar nooit ten volle verstaan of onder woorde gebring kan word nie. Hierdie leerstuk is uniek eie aan die Christelike geloof. Christene glo in God Drie-Enig. Die Jode glo in die God van Abraham. Die Moslems glo in Allah as enige God met Mohammed as God se profeet. Daar is baie mense wat die fout maak om te stel dat al drie hierdie godsdienste dieselfde God aanbid. Die Triniteit word bely as enigste ware manier om God te ken. Enige ander manier van na God verwys, is om 'n afgod te aanbid.

Die Jode glo in die God van Abraham sonder om erns te maak met die Ou Testament verwysings na die Triniteit en so lees hulle die Bybel verkeerd en sien ook nie God raak nie. Die Moslems glo in Allah, 'n God wat deur Mohammed gekonstrueer is in die 7e eeu nC deur dele uit die Ou Testament, dele uit die Nuwe Testament en sy eie denke te kombineer met die voordra (siteer) van die Koran. Die Bybel-getroue manier om die saak te stel sal waarskynlik so wees: "Jode en Moslems aanbid menslike afbeeldings van die ware God wat net as Triniteit geken kan word". Dit is daarom van groot belang vir ons geloof om die leer oor die Triniteit met sorg en aandag te benader. Christene bely geloof in die

Vader, die Seun en die Heilige Gees omdat God Homself so aan ons bekendstel in die Bybel.

Die verskillende belydenisse verwoord elk op eie manier die geloof in die Triniteit. Die Apostoliese geloofsbelydenis en die Niceense belydenis is Trinitaries in struktuur terwyl die belydenis vernoem na Athanasius se eerste gedeelte die saak oor die Triniteit verwoord. Voordat ons die saak van nader beskou, is dit gerade om eers kennis te neem van die relevante bewoording in die Athanasius belydenis.

Belydenis van Athanasius

Vir elkeen wat salig wil word, is dit in die eerste plek nodig dat hy die algemene geloof moet vashou. As iemand dit nie heeltmal en ongeskonde bewaar nie, sal hy sonder twyfel ewig verlore gaan. Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese te deel. Want die persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander. Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlijkheid. Soos die Vader is, so is ook die Seun en ook die Heilige Gees. Die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape, die Heilige Gees is ongeskape; onmeetlik is die Vader, onmeetlik is die Seun, onmeetlik is die Heilige Gees; die Vader is ewig, die Seun is ewig, die Heilige Gees is ewig. Nogtans is daar nie drie ewiges nie maar een Ewige, net soos daar ook nie drie ongeskapenes of drie onmeetlikes is nie maar een Ongeskapene en een Onmeetlike. Eweneens is die Vader almagtig, die Seun almagtig, die Heilige Gees almagtig; en tog is daar nie drie

almagtiges nie maar een Almagtige. So ook is die Vader God, die Seun God, die Heilige Gees God; en tog is daar nie drie gode nie maar een God. Net so is die Vader Here, die Seun Here, die Heilige Gees Here; en tog is daar nie drie heres nie maar een Here. Want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem, word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely. Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegenerer nie; die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie maar gegenerer; die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun nie gemaak of geskep of gegenerer nie maar gaan van Hulle uit. So is daar dan een Vader, nie drie vaders nie; een Seun, nie drie seuns nie; een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie. En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltmal aan mekaar gelyk, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word. Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.

Die leer oor die Triniteit het ontwikkel in die stryd teen kettery ('dwalings' vir die sensitiewes van gemoed). Die leer oor die Triniteit is 'n ongemaklike menslike verwoording van die geopenbaarde geheimenis wat ons in die Bybel leer ken. Die kerk kan hierdie Triniteit nooit ten volle beskryf, verstaan of verduidelik nie. In wat volg, gaan daar met ander woorde net omskrywings gegee word, geen verduideliking of beeldetaal om die saak glashelder te maak nie. Die kerk se strewe was nog

altd net om die leer oor die Triniteit so te formuleer dat die foute wat met dwaling gepaard gaan, vermy kan word. Daar is konsensus onder teologiese denkers dat drie struikel-blokke bestaan ten opsigte van die leer aangaande die Triniteit. Mense maak met ander woorde een van drie foute in hulle benadering tot die saak. Dit gebeur omdat hulle een aspek meer klem gee, en dit ten koste van ander perspektiewe. Alle sake moet ewewigtig verwoord word in die versigtige nadenke oor die Triniteit.

Die eerste groep is mense wat absolute Monoteïsme (Unitiarisme in die moderne era) voorstaan, dit is diegene wat die EENheid van God as net Vader wil bewaar niteenstaande Bybel inligting wat spreek teen hulle standpunt. Hulle ontken die Drie-Eenheid deur die goddelikheid van die Seun en die Gees af te water of te ontken, of deur die substansie van Christus verkeerd te verstaan. Dit was Arius se kettery byvoorbeeld wat reeds in die vierde eeu nC die kerk gedwing het om sekere sake tegnies korrek te verwoord. Arius het geleer dat die Seun eerste deur die Vader geskep is, bokant alle mense en engele. Dit beteken dat Jesus nie ewig ware God is nie. Dit impliseer dat die leer oor die Triniteit nie gehandhaaf kan word nie omdat Arius volgehou het dat die drie persone van God in essensie nie dieselfde is nie.

Die tweede groep staan onder die opskrif van 'Modalisme', hulle wil steeds die EENheid bewaar, maar doen dit deur die persoonlike aard van (op die ou einde) al drie persone te ontken. Vir mense soos Sabellius is Vader, Seun en Gees drie maniere van bestaan van dieselfde wese. Sabellius se leer het daarop neergekom dat God telkens nuwe maskers aangetrek het in sy interaksie met die mense. In die Westerse teologiese denke staan sy

dwaling bekend as Patripassianisme (die Vader het gely).

Die derde denkfout word begaan deur die Triteïsme. Hulle is die mense wat die klem op die drie persone plaas en in die proses die saak van die eenheid versaak. Anders gestel, Triteïsme stel voor dat die Bybel vertel van drie gode se eenheid in daad. Al drie hierdie foute word vandag steeds begaan en dit maak sorgsame aandag aan die korrekte verstaan van die Triniteit van groot belang.

Dit moet natuurlik duidelik gestel word dat die woord 'Triniteit' nie in die Bybel voorkom nie. Dit was Tertullianus wat teen die einde van die tweede eeu nC die woord *trinitas* die eerste maal gebruik het. Die feit dat die Bybel nie die woord gebruik nie, maak dit nie 'n heidense woord of begrip nie, die Bybel gebruik nie die woord nie, maar ons lees van die optrede van die een God, en ons lees van die optrede van Vader, Seun en Heilige Gees. Die inligting wat ons in die Bybel vind, word deur ons in teologiese en filosofiese taal verwoord, sodat ons iets van die saak kan verstaan. Ons denke oor God word nie deur ons perspektiewe bepaal nie. God se selfopenbaring bepaal ons teologiese antwoord en nadenke. Ons begin nie met spekulاسie of menslike konstruksie nie, ons begin en eindig by dit wat God bekend wil maak. Dit is waarom die eerste artikels van die NGB oor die Bybel handel, sodat die Bybel as openbaring deur God as feit gevestig kan staan. Sprake oor die Triniteit is die uitkristalliseer van dit wat ons in die Bybel vind. Kristallasie is 'n goeie metafoer om hierdie benadering te verduidelik. Suikerwater bestaan uit suiker wat in water opgelos is. Die suiker is nie sigbaar nie, maar is tog daar. Deur die water te laat verdamp, word die suikerkristalle sigbaar en aanduibaar. Op soortgelyke wyse is die Triniteit in die Bybel terug te vind, maar

dan op grond van toegewyde navorsing en helder denke.

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie.

Die eerste en belangrikste stelling om te maak, is dat ons glo in EEN God, God is EEN. In hierdie stelling is daar ooreenstemming met Jode en Moslems. Wat dit verder beteken, maak dat ons moet stel dat hulle die Bybel verraai met hulle interpretasies en daarom eintlik nie die ware God aanbid nie. Hierdie EEN God tree in Triniteit op. Ons bely derhalwe dat daar een God is wat een essensie is waarin daar drie persone is met duidelik onderskeibare en duidelik onoordraagbare eienskappe. Vader, Seun en Gees is drie in persone, een in wese (essensie). Daar is een "wat" (wese, essensie) en drie wie's (persone).

So lees ons in Matteus 3:16-17 van die drie persone wat manifesteer by Jesus se doop: *"Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My."* Matteus 28:29: *"doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..."*

Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

Ons ontmoet God as Vader op verskillende maniere in die Bybel. Die belangrikste aspek van God as Vader is dat Hy die ewige Vader van die Seun is. Skrifgedeeltes soos Psalm 2:7, en

Miga 5:2 bevestig hierdie stelling. In antwoord op die dwaling van Arius ("daar was 'n tyd toe die Seun nie bestaan het nie") het die kerk bevestig dat die seun en die Vader van ewigheid daar was. Die Vader is die Skepper (1 Korintiërs 8:6), en die Vader is ook ons Vader. Die Vader is die Vader van die verbondsvolk. So verstaan, is die Vader inderdaad die bron en oorsaak van alles wat bestaan. Die Vader het nie onpersoonlik geskep nie, maar vanuit 'n sekere ingesteldheid die skepping in aansyn geroep.

Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.

Die sogenaamde proloog van die Johannes Evangelie stel dit duidelik dat die Woord self God is. Jesus is die Seun, Jesus is die Woord van God. Hy maak in Sy bestaan en optrede die wil van God duidelik. Hy openbaar die wet en Evangelie in Sy reddende werk midde in die menslike geslag. Hebreërs, Paulus se briewe en die Evangelies vertel die verhaal van die Seun wat kom red het en wat die Waarheid is.

Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Johannes 15:26: *"Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig."* Die Heilige Gees is net soos die Vader en die Seun 'n persoon. Die Gees is nie God se krag nie, geen onpersoonlike mag nie, maar God wat in krag optree. Die Gees is nie 'n "dit" nie, die Gees is die derde persoon van die een essensie wat ons God noem.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeeltes is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei

dat hierdie drie Persone slegs een enige God is.

Dit is van groot belang om raak te sien dat die almag van God nie in drie gedeel is nie. Die almag van God is die almag van die Vader en die almag van die Seun en die Almag van die Gees. Die eienskappe van die drie persone is uniek en tog maak dit geen afbreuk aan die eenheid van die Goddelike wese nie. Die optrede van die drie persone is 'n eenheid van genadige handeling wat gerig is op die saligheid van die mens.

Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie.

Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die

Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

Die uniekheid van optrede van elke persoon van die Triniteit kan op geen manier reduceer word tot 'n aspek van die ander nie. Met ander woorde die optrede van die Seun kan nooit verstaan word as optrede van die Vader nie, en omgekeerd. Geen optrede is gering of ondergeskik nie, en tog is daar 'n eenheid van optrede wat ons noop om die Triniteit te bely, al kan ons dit nie werklik ten volle verklaar of begryp nie.